Pat Hinde Toyota Boksburg **Tel: (011) 914 8700**
190 Atlas Rd, Anderbolt, Boksburg

Lead the way Toyota

Kontak Trevor Weitz vir enige nuwe of gebruikte voertuie asook dienste.

Geagte Ouers

Omsendbrief Nommer 02 / 2012

1. Personeel

Ons sê graag baie welkom aan Mnr Christopher Smale en Me Sinteach Sevenster wat by ons aangesluit het. Hulle begin hulle leerderskap hier by ons. Ons wens hulle sterkte toe met hul onderwys loopbaan.

T W Hoffmann

2. Afrikaanse redenaars

Hiermee net weer die onderwerpe vir 2012

Temas: Gr 1-3	Tydsduur	Temas: Gr 4 - 5	Tydsduur	Temas: Gr 6 - 7	Tydsduur
Hande		Vlieërs		Wurm	
Blaf	2 – 4 min	Hekke	2 – 4 min	Gom	4 – 5 min
Skatte		Resepte		Sambok	

Kies 'n beredeneerbare onderwerp wat aansluit met een van bg. temas. Neem asb. die tydsduur van toesprake in ag aangesien 'n spreker punte kan verloor.

Die eerste Afrikaanse kompetisie vind plaas op Donderdag, 1 Maart 2012. Tydens die kompetisie kan die deelnemers ook kwalifiseer om die skool by die ATKV kompetisie te verteenwoordig. Sterkte met die voorbereiding.

L Loots

3. Nuwe Kurrikulum 2012 – Grondleggingsfase (Gr 1, 2 & 3)

Soos u alreeds weet, implementeer die Grondleggingsfase dié jaar KABV – Kurrikulum en Assessering Beleidsverklaring. Dit het die volgende aangaande assessering meegebring in die fase. Ons assesseer op die 7-punt skaal:

Kode	Beskrywing	Persentasies
1	Uitstaande prestasie	80 – 100 %
2	Verdienstelike prestasie	70 – 79 %
3	Beduidende prestasie	60 – 69 %
4	Voldoende prestasie	50 – 59 %
5	Matige prestasie	40 – 49 %
6	Basiese prestasie	30 – 39 %
7	Ontoereikende prestasie	0 – 29 %

Die volgende dui slaagvereistes aan vir die Grondleggingsfase:

Kode	Vak

4	Afrikaans Huistaal
3	Engels Eerste Addisionele Taal
3	Wiskunde

Enige verdere navrae kan gerig word aan u kind se klasonderwyseres of Departementshoof GLF.

A Bacon

4. Skolierpatrollie en Veiligheid

Ouers almal sal saamstem dat die veiligheid van ons kinders by die skool en naby die skool uiters belangrik is. Ons wil almal wat kinders by die skool op en aflaai enstig versoek om die grootste versigtigheid moontlik aan die dag te lê. Kinders **moet** die pad oorsteek waar die skolierpatrollie diens doen. Alle voertuie moet ekstra stadig ry naby die skool en parkeer op die parkeerareas wat vir motors aangedui is. Die veiligheid van ons kinders is elke volwasse se verantwoordelikheid. Groot dankie vir elke padgebruiker se hartlike samewerking. Onthou asb. dat die area voor die Gr 2 klasse 'n "stop-and-go" area is – dus moet u asb. nie gedurende spitstyd daar parkeer of u motor verlaat nie.

T W Hoffmann

5. Atletiek

Die seisoen het baie vinnig afgeskop met 'n klomp byeenkomste na mekaar. Ons het nog 3 byeenkomste vir die jaar - Dinsdag, 7 Februarie ('n aflos byeenkoms), Donderdag, 10 Februarie, albei by Herman Immelman en 17 Februarie ons Interlaer by Boksburg Stadion. Daarna is dit die BLAV, D6 en SA's vir die atlete wat kwalifiseer. Baie dankie aan alle atlete vir julle harde werk, en sterkte vir die Interlaer. Maak ons trots!

W Meyer

6. Kleuter-atletiek

Baanbreker Kleuterskool het op Saterdag, 25 Februarie 'n "Atletiek-Karnaval" vanaf 09:00 – 12:00. Daar sal heerlike eetgoed te koop wees. Die kleuters gaan hardloop; daar gaan 'n pretloop wees vir die gesin en boeresport vir die ouers . Bring die hele familie en kom deel in die pret!

T W Hoffmann

7. Interlaer Geesvang en Sokkie

Wanneer? Vrydag, 10 Februarie 2012
Hoe laat? Geesvang : 17:00 – 18:00
Sokkie : 18:00 – 20:00
Tema? Trek soos "NARRE" aan.
Toegang? R20

Vir wie? Al ons Gr 3 – 7 leerlinge

Waar? Skoolsaal

Daar sal 'n snoepie wees.

R Pretsch

8. Ondersteunings-Bestuurder (ODB)

Die ODB is beskikbaar vir enige kind of ouer wat 'n probleem ervaar. U word uitgenooi om van die diens gebruik te maak. Die meeste probleme by die skool word vinnig uitgeklaar aangesien dit dikwels net 'n kommunikasie probleem is. Die ODB is in die posisie om probleme dadelik onder die aandag van die betrokke personeel, skoolbestuur en /of die beheerliggaam te bring.

Die ODB het die afgelope jare waardevolle ervaring opgedoen in die hantering van kinders en families en die belangrikheid van die emosionele aspekte van leer. Opleiding en of 'n handleiding is oor die onderwerp beskikbaar teen 'n fooi. Indien u belangstel skakel gerus met Eugene Laäs., tel 083 503 7369 of gebruik die afskeurstrokie.

.....

Ondersteuningsdiens

Ek, ... die ouer van ..... in gr.....
Dui asb u behoefte aan en merk 'n opsie.:

- Wil graag 'n afspraak maak om die ODB te sien .....
- Stel belang in die handleiding oor emosionele geletterdheid .....
- Stel nie nou belang in genoemde nie.....

Ouer handtekening: ..... Ouer telefoonnommer .....

Vriendelike groete

Kitaarlesse
Indien u belangstel, skakel gerus vir Mnr Christopher Smale by die skool vir verdere inligting.

"Laerskool Baanbreker bied judo lesse aan as n buitengewone aktiwiteit. Judo klasse vind plaas elke Vrydag in die skool saal, tussen 13h00 en 14h00. Judo as 'n buitengewone aktiwiteit word al vir 10 jaar by die skool aangebied en het verskeie nasionale kampioene opgelewer. Meer Inligting oor judo kan op die judo Web werf verkry word by www.kaizenjudo.co.za. Die judo Fooie is R130 per maand betaalbaar direk aan die afrigter. Die afrigter is Ernest Louw en kan gekontak word vir inskrywings vorms of ander inligting by 0834534815 of per e-pos by kaizenjudo@absamail.co.za"